JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK-EKSAMEN

GRAAD 10

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2

Junie 2014

PUNTE: 70
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 11 bladsye.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees hierdie instruksies noukeurig deur voordat jy begin om vrae te beantwoord .

2. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy sodat jy kan sien op watter bladsye die vrae is wat jy moet beantwoord.

3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :
   AFDELING A: Kortverhale
   AFDELING B: Poësie

4. Beantwoord AL TWEE afdelings.

   AFDELING A: Kortverhale
   Beantwoord die vrae van BEIDE kortverhale.

   AFDELING B: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae van BEIDE gedigte.

5. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

9. Voorgestelde tyd: ongeveer 60 minute vir elke afdeling.

10. Skryf netjies en leesbaar.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 10 JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2

AFDELING A: KORTVERHALE				
Beantwoord die vrae oor BEIDE die kortverhale.				
VRAAGNOMMER		**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
1.	**Ek is jammer**	**Kontekstuele vraag**	**18**	**4**
EN				
2.	**My broer se kraai**	**Kontekstuele vraag**	**17**	**6**
EN				
AFDELING A: GEDIGTE				
Beantwoord die vrae oor BEIDE die gedigte.				
VRAAGNOMMER		**VRAAG**	**PUNTE**	**BLADSY**
3.	**Die dans van die reën**	**Kontekstuele vraag**	**17**	**8**
EN				
4.	**Hansie en Grietjie**	**Kontekstuele vraag**	**18**	**10**

Kontrolelys				
Afdeling		**Aantal Vrae**	**Aantal Beantwoord**	**Merk**
A.	**Kortverhale**	**2**	**2**	
B.	**Gedigte**	**2**	**2**	

AFDELING A: KORTVERHALE

VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

Ek is jammer – E. K. M. Dido

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Vir 'n lang ruk sit hulle weer stil. Elkeen met sy eie gedagtes. Toe, asof ulle mekaar se gedagte lees, swaai hulle koppe na die skrif op die kopsteen, en begin hulle sag maar duidelik lees wat in groot, dik, swart skrif op die wit marmerklip uitgebeitel is:

JOHN MATTHEW DINGO
2 Des. 1988 - 24 Aug. 2005
'Vir 'n kort tyd was jy aan ons geleen, maar vir altyd sal ons jou onthou'

"Ek is regtig jammer, Dingo. Ek mis jou verskriklik!" sê Mike, en kyk dan na Charlie. "Dink jy ou Dingo kan ons hoor?" vra hy.
Charlie antwoord nie dadelik nie. Sy oë blink en hy blaas eers sy neus aan sy linkerhempsmou uit. "Ek weet nie, my bra," antwoord hy met 'n bewerige stem. "Maar ek dink so."
Mike se kop ruk na sy maat. "Regtig?" vra hy. Sy stem klink hoopvol. Hy gee 'n vinnige kyk na die koppenent van die marmerklip en kyk dan weer na Charlie. "Ja, ek dink bra Dingo kan hoor," herhaal Charlie. "Ek was eenkeer in 'n *vibe*. Lank voor die goed gebeur het. Daai dag het ek gou 'n paar *hits* tik-tik met die manne op die winkelhoek gevat. Ek weet nie waar jy en bra Dingo was nie, want julle was nie by nie…"
"Charlie, kom by die punt uit!" onderbreek Mike hom.

1.1. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER (1.1.1. – 1.1.3.) en die ANTWOORD neer.

Charlie en Mike is in die begrafplaas want hulle 1.1.1 (is by die begrafnis van / kuier by) hulle oorlede vriend, Dingo wat oorlede is 1.1.2. (in 'n motorongeluk / toe hy dwelms gebruik het).

Mike sê vir Dingo hy is jammer omdat hy 1.1.3. (hom aan dwelms bekend gestel het / hom die motor gegee het om ry.) (3)

1.2. Wat is tik-tik? (1)

1.3. Hoe oud was Dingo was toe hy dood gegaan het? (1)

1.4. Hoekom dink Charlie kan Dingo hulle hoor? Gee TWEE feite. (2)

1.5. Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die VRAAGNOMMER (1.5.1–1.5.4) en die ANTWOORD neer.

praat, sing, suiglekkers, kougom, tannie, oom, stoel, bank

"Oukei. jammer. *Anyway*, jy weet hoe daai goed my laat 1.5.1. (...). Aanmekaar sonder ophou, jy weet mos! Ek sê jou my broer, ek wou stilbly, maar my tong was so los dat niemand my kon stil kry nie. Terug by die huis moes ek 1.5.2. (...) in my kieste druk om te kon stilbly. Oor die 1.5.3. (...) by wie ek bly my so uitgekyk het, was ek toe verplig om langs hom/haar op die 1.5.4. (...) te gaan sit en na sy/haar program te kyk. (4)

1.6. Wie, behlawe Mike en Charlie, mis Dingo ook? Noem die TWEE groepe. (2)

1.7. Wat behalwe dwelms het Charlie ook gelos? (1)

1.8. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die VRAAGNOMMER (1.8.) en die LETTER (A – D) neer.

Mike se pa het gedink hy het na die … toe gegaan die aand toe Dingo dood is.

a. skooldans
b. jeugbiduur.
c. biblioteek
d. hospitaal (1)

1.9. Die hele gemeenskap dink dit is Charlie se skuld dat Dingo dood is.

1.9.1. Wie se skuld is dit eintlik dat Dingo dood is? (1)

1.9.2. Hoekom is dit sy skuld dat Dingo dood is? (1)

1.10. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die VRAAGNOMMER (1.10.) en die LETTER (A – D) neer.

Die tema van die kortverhaal is…

A Enige assosiasie met dwelms lei tot die dood.
B 'n Mens moet jou ouers respekteer en na hulle luister.
D Jy moet altyd alles doen wat jou vriende doe nom in te wees.
C 'n Mens moet nie na skooldanse toe gaan nie wat daar is dwelms. (1)

[18]

EN

AFDELING A - KORTVERHALE

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***My broer se kraai* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Een keer het ek deur 'n venster staan en kyk hoe hy die kraai uit die hok probeer haal. Dit het 'n vreeslike gestoei afgegee. Ek het gedink hy gaan die kraai los. Maar hy het die kraai uit die hok gehaal en salf of iets aan die stukkende plekke probeer smeer. Hy het die swart voël teen sy wang probeer druk, maar kon dit nie regkry nie. Die kraai het so gespook en gekrap dat hy horn weer in die hok moes terugsit. Die kraai was waarskynlik nag stukkender na die operasie en oral om die hok het swart veertjies neergesif grond toe.
My broer het kamer toe gegaan en die deur agter hom toegemaak. Daardie aand aan eettafel was daar krapmerke op sy arms en hande en 'n bloedrofie op sy wang.
Ons het gemaak of ons dit nie raaksien nie.

Dit was 'n Sondagmiddag toe my broer met my kom praat. “Ek dink ek moet my kraai maar los,” het hy gesê.
Ek het hom nie probeer aanmoedig nie. Een verkeerde woord, het ek geweet, en hy verander dalk van voorneme.
Maar hy het aangedring op my opinie.
Toe dink ek vinnig en sê: “Dis jou kraai en jy moet besluit, maar ek dink as die kraai kon besluit, sou hy homself losgelaat het.”

2.1. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER (2.1.1. – 2.1.3.) en die ANTWOORD neer.

My broer had 'n kraai wat hy een oggend vroeg na die reën in die veld opgetel het.

Aan sy 2.1.1. (kloue / vere) en sy 2.1.2. (stert / bek) kon ons sien dis 'n baie 2.1.3. (jong / ou) voël wat maar pas uit die nes gekom het. (3)

2..2 Noem twee dinge wat die verteller se broer gedoen het om te wys dat hy baie vir die kraai omgegee het. (2)

2.3. Vul die ontbrekende woorde in. Skryf net die VRAAGNOMMER (2.3.1. – 2.3.2.) en die ANTWOORDE neer.

Die verteller se broer het vir die kraai ‘n hok gemaak met 2.3.1. (…) en stukkies 2.3.2. (…) (2)

2.4. Noem enige EEN ding wat die kraai gedoen het om te wys hy hou nie van die hok nie. (1)

2.5. Die verteller het vir sy broer gesê om eerder 'n ander troeteldier te kry.

2.5.1. Wat se troeteldier het die verteller gesê moet sy broer eerder kry? (1)

2.5.2. Kies die korrekte antwoord: Die verteller se broer het gesê hy wil nie díe troeteldier hê nie want díe troeteldier bly maar net omdat (hy weet hy sal altyd kos kry / hy nie van beter weet nie). (1)

2.6. Pas Kolom A by Kolom B met betrekking tot verwysings na tyd in die kortverhaal. Skryf net die VRAAGNOMMER (2.6.1. – 2.6.4) en die LETTER (A – D) neer.

Kolom A		Kolom B	
2.6.1.	Sondagmiddag.	A	Die kraai was in sy hok.
2.6.2.	Woensdagoggend.	B	Die kraai het begin te eet.
2.6.3.	Deur die dag.	C	Die kraai het teruggekom.
2.6.4.	In die aand.	D	Die kraai was in die bos.
		E	Die broer het die kraai vrygelaat.

(4)

2.7. Kies die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER (2.7.1. – 2.7.2.) en die ANTWOORD neer:

Die dag toe die kraai teruggekom het het die verteller gedink die is 2.6.1. (Vossie / Simon) die perd, wat kom brood bedel het. Hy het vir seker geweet dis die kraai toe hy die 2.6.2. (stomp snawel / stywe stappie) sien. (2)

2.7. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die VRAAGNOMMER (2.8.) en die LETTER (A – D) neer.

Die tema van die kortverhaal is…

A Dieremishandeling is nie reg nie.
B Jy moet altyd na jou familie luister.
C Jy kan nie wilde diere teen hulle sin aanhou nie.
D As jy wilde diere lank genoeg aanhou, raak hulle mak. (1)

[17]

TOTAAL AFDELING A 35

EN

AFDELING B: GEDIGTE

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Die dans van die reën – Eugene Marais

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die dans van die reën
(Lied van die vioolspeler, Jan Kotterdans, uit die Groot Woestyn)

O die dans van ons Suster!
Eers oor die bergtop loer sy skelm,
Eh haar oge is skaam;
En sy lag saggies.
En van ver af wink sy met die een hand;
Haar armbande blink en haar krale skitter;
Saggies roep sy.
Sy vertel die winde van die dans
En sy nooi hulle uit want, die werf is wyd en die bruilof groot.

Die grootwild jaag uit die vlakte,
hulle dam op die bulttop
wyd rek hulle die neusgate
en hulle sluk die wind;
en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.

Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
en hulle kruip nader en sing saggies:
“Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!”

En haar krale skud,
en haar koperringe blink in die wegraak van die son.
Op haar voorkop is die vuurpluim van ‘n Berggier;
sy trap van die hoogte;
sy sprei haar vaal karos met altwee arms uit;
Die asem van die wind raak weg.
O, die dans van ons suster!

Eugene Marais

3.1. Wat is die Suster volgens die gedig? (1)

3.2. Kies die korrkte antwoord: Die herhaling van die “s” klank in reël 1 staan bekend as (assonansie / alliterasie). (1)

3.3. Haal TWEE twee aparte woorde aan in strofe 1 wat na donderweer verwys? (2)

3.4. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die VRAAGNOMMER (3.4.) en die LETTER (A – D) neer.

Die woorde wat omgeruil word in reël 2 staan bekend as…

A Enjambement
B Personifikasie
C Asimilasie
D Inversie (1)

.

3.5. Daar is sprake van weerlig in die eerste strofe. Haal DRIE APARTE woorde aan wat na die weerlig verwys. (3)

3.6. Wat doen die kleinvolk om te wys hulle respekteer die reën? Noem TWEE feite. (2)

3.7. Waar het die grootwild bymekaar gekom om die Suster mooi te sien. (1)

3.8. Waarom rek die grootwild hulle neusgate in reël 12? (1)

3.9. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die VRAAGNOMMER (3.9.) en die LETTER (A – D) neer.

'n Mens vier bruilof (reël 9) as iemand…

A begrawe word.
B 'n baba doop.
C verjaar.
D trou. (1)

3.10. Noem twee redes hoekom die Suster die winde uitgenooi het. (2)

3.11. Wat is die fyn spore wat in reël 14 genoem word? (1)

3.12. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die VRAAGNOMMER (3.10.) en die ANTWOORD neer.

In reël 18 waar haar "krale skud", wat ook die donderweer is wat gehoor kan word, is 'n voorbeeld van (personifikasie / klanknabootsing). (1)

[17]

EN

AFDELING B: Gedigte

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

***Hansie en Grietjie* – Evelyn Castelyn**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Hansie en Grietjie

daar was eendag 'n woud
aan die kant van die son,
die maan is 'n flou olielamp,
Saans brand honderde kersies
die volgende môre word die kindertjies
Afgelaai by die heksie se huisie
hulle huil tot vanaand
na-vyf, na werk kom die
Stiefmammies en –pappies hulle haal
met 'n ysterswaan
die nuutste model blaas rook
en jaag oor riviere teer
tot by kelders parkering
Dan word hulle opgehys
Gebad en gevoer in 'n hok
Moet hulle soet gaan slaap
Eennag, het hansie en grietjie
Weggeloop, bo-oor die tralies geklim
en fyn en flenters geval
op die paadjies sement
ver van die huis af

Evelyn Castelyn

4.1. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die VRAAGNOMMER (4.1.) en die LETTER (A – D) neer.

Die woud verwys na die…

A bos.
B stad.
C plaas.
D tralies. (1)

4.2. Waar is die woud geleë? (1)

4.3. Kies telkens die korrekte antwoord en skryf net die VRAAGNOMMER (4.3.1. – 4.3.3.) en die ANTWOORD neer:

In omtrent die hele gedig loop die een versreël oor in die volgende een sonder enige leestekens en dit staan bekend as 4.3.1. (alliterasie / enjambement) en die TWEE funskies daarvan is om om die tempo 4.3.2. (vinniger / stadiger) te maak en te beklemtoon dat werkende ouers altyd 4.3.3.(haastig / geduldig) is. (3)

4.4. Voltooi: Honderde kersies verwys na die …. van die stad. (1)

4.5. Die kinders gaan nie vrywillig na die heks se huisie toe nie. Haal een woord aan as bewys. (1)

4.6. Wat is die konnotatiewe / figuurlike betekenis van die woord “ysterswaan” in reël 10. (1)

4.7. Hoe weet jy dat die kinders fisies versorg word? Gee TWEE woorde. (2)

4.8. Watter twee woorde in die gedig kan dalk na ’n beperkte ruimte verwys (tronk)? (2)

4.9. Daar is talle tydsverwysings in die gedig. Hiervolgens kan die gedig in vier dele verdeel word. Noem die vier dele. (4)

4.10. Watter reël wys op die lugbesoedeling as gevolg van motors se uitlaatgasse? Skryf die HELE reël oor in jou antwoordboek. (1)

4.11. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die VRAAGNOMMER (4.11.) en die LETTER (A – D) neer.

Wat wil hierdie gedig vir ons sê? (1)

A Sonder warmte en liefde beteken die lewe niks.
B Die kinders wil graag bewaarskool toe gaan.
C Die kinders hou nie van die mooi motor nie.
D Dis nie hulle eie ouers nie. (1)

[18]

TOTAAL AFDELING B 35

VRAESTEL TOTAAL 70